


# St. Simeon van Jerusalem
## 18 Februarie

(sterf 116)

Volgens antieke oorlewering was Simeon die seun van Klopas, wat ook bekend was as Alfeus, die broer van Josef, Jesus se pleegvader. Hy was dus die broerskind van die heilige Josef en neef van die Here Jesus. Volgens Lukas het Simeon saam met Maria en die ander apostels die Heilige Gees op Pinkster ontvang. Die eerste om as biskop van Jerusalem op te tree was Jakobus die Mindere en hy is in 62 nC. deur die gepeupel in die stad vermoor. Die oorblywende apostels en dissipels het daarop vir Simeon tot biskop verkies. Vir meer as 40 jaar het hy die klein Christengemeenskap deur die verskriklike jare van die Joodse Opstand en die beleg en uiteindelike verwoesting van Jerusalem deur die Romeine gelei. Hy is uiteindelik as hoogsbejaarde man deur Atticus, die Romeinse goewerneur van Palestina, in die gevangenis geplaas en daar doodgemaak.

© Die Oratorium Uitgewery